NUUSBRIEF Nr. 28 **Oktober 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 30 Oktober 2017: 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

Lewende Testamente.

Anna Hattingh

Anna Hattingh is 'n plaaslike prokureur en sy praat met ons oor Lewende Testamente.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

September Maandelikse Praatjie.

Esma Marnewick lewer haar praatjie oor die evolusie van 'n reistydskrif (Weg!). Sy bespreek ook reis journalistiek in die digitale era. Sy is baie entoesiasties oor die tydskrif, en is geesdriftig oor haar betrokkenheid by alle aspekte van Nasionale Parke, woude, die Karoo, riviere, en omtrent alles daar buite. Esma verwys na artikels en verhale wat deur lesers ingedien word, en sy beklemtoon dat sulke artikels en foto's 'n vars en oorspronklike benadering moet gee aan tonele wat herhaaldelik deur toeriste gesien word. Net artikels wat aan hierdie kriteria voldoen sal deur die redaksie oorweeg word; en alle bydraes aan die tydskrif is vrywillig.

Jagersbosch Fonds.

Die September uitloting het R240 opgelewer, en die TED praatjie op 27 September R120; die Historiese Bergpasse Uitstappie van 12 Oktober het R36 bygedra. Die fonds staan nou op R4,745.67.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die Jagersbosch Fonds blad op ons webtuiste. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak. *www.u3astilbaai.org*

Lidmaatskap

Agt nuwe lede het by en sedert ons maandelikse vergadering in September aangesluit; en 'n aantal het hul lidmaatskap vir 2017/18 hernu. Ons opbetaalde ledetal staan nou op 188.

Die blou naamkaartjie is nie meer geldig nie, die 2017/18 naamkaartjie het 'n oranje-kleurige agtergrond. Lede word herinner om hul naamkaartjies na alle U3A funksies te dra.

Neem ook asseblief kennis dat die U3A kursusse, groep aktiwiteite en uitstappies slegs vir lede is; alhoewel lede welkom is om gaste wat Stilbaai besoek saam te neem, of indiwiduê wat julle aan U3A Stilbaai wil voorstel. As permanente inwoners van Stilbaai gereeld wil deelneem, is hulle welkom om by U3A Stilbaai aan te sluit.

Kontak ons as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, groep aktiwiteite of uitstappies; of as u voorstelle het vir nuwe kursusse, ens wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Die volgende kursusse word tans aangebied:

- **Kookkuns** : Kontak Reinette op *reinetteanastagi@gmail.com* vir haar kookkuns kursus.
- **Voël identifikasie vir beginners** : Die eerste twee voël identifikasie kursusse in 2018 is reeds vol, maar 'n derde kursus word vir 2018 beplan. Om teleurstelling te voorkom moet belangstellendes asseblief vroegtydig Johan kontak op *rooyenvanjohan@gmail.com*.

TED PRAATJIE : "Economic growth has stalled. Let's fix it."

Deur wêreld-ekonoom Dambisa Moyo.

Woensdag, 25 October 2017 om 09h30; Die Waenhuis, Jagersbosch.

Ekonomiese groei is die definerende uitdaging van ons tyd; sonder dit sal politieke en sosiale onbestendigheid styg, menslike vooruitgang stagneer en gemeenskappe verdof. Maar, sê ekonoom Dambisa Moyo, dogmatiese kapitalisme skep nie die groei wat nodig is nie. Sy wys dat in beide staat-ondersteunde en mark-gedrewe modelle, kapitalisme faal om maatskaplike probleme op te los, dit moedig korrupsie aan en skep inkomste ongelykhede. Moyo ondersoek die huidige ekonomiese landskap en stel voor dat ons moet begin dink aan kapitalisme as 'n spektrum sodat die beste van verskillende modelle saamgesnoer kan word om groei te bevorder.

Max Döckel fasiliteer hierdie TED Praatjie.

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op *barltrop@vodamail.co.za* as julle 'n interessante onderwerp het, of as julle 'n aanbieding oor 'n spesifieke onderwerp verlang.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

U3A STILBAAI GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas:

- **Stapgroep** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Wandelgroep** : Die wandelgroep stap elke Vrydag oggend om 08h00. Kontak Debra by *barltropd@gmail.com* vir meer inligting.
- **Voëlgroep :** Kontak Johan by *rooyenvanjohan@gmail.com* indien u belangstel om by die voëlgroep aan te sluit.
- **Fotografie Groep** : 'n Fotografie groep is gestig, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.
- **Aandele Groep** : Die Aandele groep kom gereeld bymekaar; lede wat belangstel kan Christo by *christoprins208@gmail.com* kontak.
- **Neuro-wetenskap Groep** : Van ons lede het laat weet dat hulle belangstel in neuro-wetenskap besprekings; neuro-wetenskap het geweldige gevorder as gevolg van die toenemende akkuraatheid van brein skandering. Ons wil eers bepaal hoe groot die belangstelling is, kontak ons gerus by *info@u3astilbaai.org* indien u belangstel.

U3A STILBAAI UITSTAPPIES

Drie-en-sewentig mense het nou al op die Historiese Bergpasse uitstappies gegaan, die laaste een is op 18 Oktober. Dit blyk dat daar dalk nog belangstelling is in hierdie uitstappie, as genoeg mense belangstel, sal ons dit weer volgende jaar aanbied, maar dit sal nie voor die winter maande wees nie.

Die komitee kyk na 'n aantal ander moontlike uitstappies vir volgende jaar; ons sal julle laat weet sodra ons meer inligting het.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die komitee is dankbaar vir die reaksie van lede wat sprekers vir die toekomstige maandvergaderings voorgestel het. Lede kan uitsien na ‘n verskeidenheid onderwerpe gedurende 2018.

Ons laaste maandelikse praatjie hierdie jaar is:

- 27 Nov 2017: Johan van Rooyen praat oor die Suider Afrikaanse Voëlatlasprojek.

Ons het nie enige aktiwiteite vir die vakansie seisoen beplan nie; maar as u weet van enige persoon met ‘n besondere belangstelling wat Stilbaai gaan besoek en bereid sal wees om ‘n voordrag te maak, laat ons asseblief weet by *info@u3astilbaai.org* sodat ons dalk ‘n skemer vergadering by Die Waenhuis kan reël.

---oooOOOooo---

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG.
KONTAK ONS BY INFO@U3ASTILBAAI.ORG